



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2014

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: Leesbegrip | VRAAG 1 | (30) |
| AFDELING B: Opsomming | VRAAG 2 | (10) |
| AFDELING C: Taal | VRAAG 3–6 | (60) |
| AFDELING D: Letterkunde | VRAAG 7–8 | (20) |

2. Lees die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.


8. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

### TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.



# Johannes Jansen

## is honger vir leer ...

1 Johannes Jansen het op die plaas Bo-Radyn sowat twee kilometer buite Villiersdorp, grootgeword. Hy het sy skoolloopbaan aan die Primêre Skool Kosie de Wet begin en sy hoërskoolloopbaan aan die Sekondêre Skool Swartberg in Caledon voltooi. Op skool het Johannes daarvan gedroom om ŉ dokter te word.

2 Nadat hy matriek met vrystelling geslaag het, het hy egter besluit om eerder onderwys te studeer, omdat die kursus nie so lank was nie. In Johannes se eerste jaar moes hy sy studies staak omdat daar nie meer genoeg geld was nie.

3 Hy is terug Bo-Radyn toe, waar sy ouers en van sy broers en susters steeds gewerk het. Sy pa was baie hartseer, want dit was sy wens dat ten minste één van sy nege kinders verder moes studeer. Johannes het vir 20 jaar op die plaas gewerk. In hierdie tyd het hy in die plaaswerker- en veiligheidskomitee gedien. Hy het ook verkiesingsopleiding onder sy mense gedoen. Dit het hom laat besef dat sy passie om mense te leer, nie verdwyn het nie.

4 Johannes het deeltyds begin studeer. Hy het eers ŉ B.Com-graad, wat hom baie in sy pos as plaasbestuurder gehelp het, deur Unisa verwerf. Toe sy kinders groter was, het hy, met sy vrou Lorraine se ondersteuning, sy onderwysgraad voltooi. Wanneer hy saans by die huis gekom het, het hy eers tyd saam met sy vrou en kinders deurgebring en dan van halfnege tot elfuur gestudeer. Soms het hy soggens van vieruur tot halfses met sy boeke gesit. In 2011 het hy sy werk by Bo-Radyn bedank om die praktiese deel van sy onderwysstudies in die klaskamer te gaan doen.

5 Hy het baie goed gevoel dat hy sy pa se droom kon bewaarheid deur sy graad te behaal. Sy pa inspireer hom steeds om verder te studeer. Sy pa se woorde dat jy nooit te oud is om te leer nie, sal hom altyd bybly.

6 Vandag doen Johannes wat hy altyd wou doen. Hy gee terug aan sy gemeenskap deur die volgende generasie Villiersdorpers te motiveer om vir hulself ŉ beter toekoms te bou.

[Verwerk uit *Kuier*, 4 Julie 2012]

1.1 Naby watter dorp is die plaas Bo-Radyn? (1)

1.2 Kies die KORREKTE antwoord in die raampie hieronder om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die antwoord neer.

| |
|---|
| Primêre Skool Kosie de Wet; Hoërskool Villiersdorp; Sekondêre Skool Swartberg |

Johannes het sy hoërskoolloopbaan aan die ... voltooi. (1)

1.3 Johannes Jansen het eers vir ŉ dokter gestudeer.

1.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1. (1)

1.4 Waarom moes Johannes in sy eerste jaar sy studies staak? (1)

1.5 Waar het Johannes gaan werk nadat hy sy studies gestaak het? (1)

1.6 Hoeveel kinders het Johannes Jansen se ouers gehad? (1)

1.7 Watter opvoedingswerk het Johannes onder sy mense gedoen? (1)

1.8 Verduidelik wat bedoel word wanneer ons sê dat sy passie om mense te leer, "**nie verdwyn het nie**". (Paragraaf 3) (1)

1.9 Johannes het ŉ B.Sc.-graad verwerf.

1.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.9.1. (1)

1.10 Waarom, dink jy, was dit vir Johannes nodig om deeltyds te studeer? (1)

1.11 Watter tipe pos het Johannes later op die plaas beklee? (1)

1.12 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (1.12) en die letter (A–D) neer.

Wie het, volgens die teks, vir Johannes ondersteun om later sy onderwysgraad te voltooi?

A Sy kinders
B Sy plaasbestuurder
C Sy werkgewer
D Sy vrou, Lorraine (1)

Kopiereg voorbehou 

1.13 Wat het Johannes saans gedoen voordat hy van halfnege tot elfuur studeer het? (Paragraaf 4) (1)

1.14 Waarom, dink jy, moes Johannes soms vroeg in die oggend studeer? (1)

1.15 In watter jaar het Johannes sy werk op die plaas, Bo-Radyn, bedank? (1)

1.16 Johannes het sy werk op die plaas bedank omdat hy gemeenskapswerk wou doen.

1.16.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)


1.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.16.1. (1)

1.17 Verduidelik wat die skrywer in die laaste paragraaf bedoel met "**die volgende generasie**". (1)

**TEKS B: INFORMATIEWE TEKS**

Lees die informatiewe teks hieronder en beantwoord die vrae.

## VREEMDE SKOOLFEITE



**BELGIË:** Alle laerskoolleerders moet leer mondfluitjie speel.

**FRANKRYK:** Die pouses is 2 uur lank.

**CHINA:** Die skooldag begin al halfagt soggens en eindig eers halftien saans.

**KENIA:** Die oudste laerskoolleerder was 84 iaar oud.

**JAPAN:** Leerders maak elke dag vir 15 minute lank die skool skoon.

**SUID-AFRIKA:** Ons het 12,3 miljoen leerders in 27 187 skole.

**VSA:** Amerikaanse kinders eet elk sowat 1 500 grondboontjiebotter-en-konfytbroodjies voor hulle klaar is met skool.

**DOEBAI:** Alle leerders moet trollietasse gebruik.

**INDIË:** Dit is die land met die grootste skool in die wêreld. Die skool het 25 000 leerders.

**HET JY GEWEET?**
- Volgens statistieke kry onderwysers die meeste Valentynskaartjies.
- Voor 1949 was 80% van alle Chinese ongeletterd. Nou is net 3% ongeletterd.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 24 Februarie 2011]

1.18 Watter land het baie lang pouses? (1)

1.19 Hoeveel leerders is daar in Suid-Afrikaanse skole? (1)

1.20 1.20.1 In watter land is die grootste skool ter wêreld? (1)

1.20.2 Hoeveel leerders is in hierdie skool? (1)

Kopiereg voorbehou 

1.21 In watter land mag leerders nie tasse in hul hande of op hul rûe dra nie? (1)

1.22 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (1.22) en die letter (A–D) neer.

Watter tipe broodjies is Amerikaanse kinders se gunsteling?

A Grondboontjiebotter-en-stroopbroodjies
B Grondboontjiebotter-en-heuningbroodjies
C Grondboontjie-en-botterbroodjies
D Grondboontjiebotter-en-konfytbroodjies (1)

1.23 In China is die skooldag 14 uur lank.

1.23.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.23.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.23.1 deur ŉ sin uit die teks aan te haal. (1)

1.24 Waarom, dink jy, moet leerders in België leer mondfluitjie speel? (1)

1.25 Wat is ŉ moontlike rede dat Kenia se oudste leerder so oud geword het voordat hy skool toe gegaan het? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2: WATER

### TEKS C

- Som die belangrikste feite oor water in SEWE sinne op.
- Skryf die sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**1.**

Mense, diere en plante het water nodig om te oorleef. ŉ Mens kan amper ŉ maand lank sonder kos klaarkom, maar sonder water sal jy nie oorleef nie.

**2.**

Ons drinkwater is baie beperk. Al bestaan 70% van die aarde se oppervlak wel uit water, is net 3% van die water vars en kan gedrink word. Ons kan ook nie seewater gebruik nie, omdat dit te sout is.

**3.**

Die menslike brein bestaan uit sowat 85% water. Om jou brein te help om beter te funksioneer, behoort jy dus genoeg water te drink, en minder sap en koeldrank.

**4.**

Ons lees dikwels hoe mense in swembaddens, riviere of die see verdrink. Veral na swaar reën, is riviere gevaarlik. ŉ Mens moet groot respek vir water hê.

**5.**

Boere het baie water op hulle plase nodig. As dit nie genoeg reën nie, of hulle kan nie genoeg water uit riviere kry nie, moet hulle boorgate boor en windpompe oprig.

**6.**

Rivierwater moet eers gesuiwer word voordat ons dit kan drink. Nadat die water gesuiwer is, word dit na ŉ reservoir gepomp. Vandaar word dit in waterpype na woongebiede gevoer.

**7.**

Omdat die mense op die aarde al meer word, het ons meer vars water nodig. Dit is die rede waarom ons alle waterbronne goed moet oppas. As ons waterbronne besoedel, sal daar nie genoeg skoon water vir almal wees nie.

[Verwerk uit *Huisgenoot in die klaskamer: Skooltake* en *Kuier,* 13 Maart 2013]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE**

**TEKS D: PRENT**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae.

- Skryf net die vraagnommer (3.1–3.20) en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.




[Verwerk uit *Weg*, Augustus 2005]

3.1 Kies die korrekte AFKORTING tussen hakies.

Die adres van die kafee is (Kerkst./Kerkstr.) 25. (1)

3.2 Gee die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.

Daar staan ŉ (hoog) straatlig langs die kafee. (1)

3.3 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Die swart (kat) lê in die kafee. (1)

3.4 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.

Op die (een) dag van die maand bly die kafee laat oop. (1)

3.5 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

ʼn Mens kan kruideniersware en (wortels, kool, pampoen, uie en beet) by Manny se kafee koop. (1)

3.6 Gee die korrekte OORTREFFENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

By hierdie kafee is hamburgers die (goedkoop). (1)

3.7 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Jaco kom koop (elke week) ʼn hamburger by die kafee. (1)

3.8 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die woorde tussen hakies.

As hy met sy fiets kom, laat hy dit (teen/aan) die muur staan. (1)

3.9 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.

Jaco het ʼn hamburger gekoop en (hom/dit) dadelik begin eet. (1)

3.10 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.

Jaco sit (alleen) op die trappie voor die winkeldeur en eet. (1)

3.11 Gee ʼn ANTONIEM (ʼn woord met die teenoorgestelde betekenis) vir die woord tussen hakies.

ʼn Hamburger smaak baie lekker as dit (koud) is. (1)

3.12 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.

(Foei!/Ai!/Eina!) Hierdie hamburger is darem lekker. (1)

3.13 Gee ʼn SINONIEM (ʼn woord met dieselfde betekenis) vir die woord tussen hakies.

Jaco besluit om vir sy (prinsipaal) ook ʼn hamburger te koop. (1)

3.14 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

Jaco wil in (die/ʼn) toekoms hamburgers verkoop. (1)

3.15 Gee die korrekte VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Die eienaar kom altyd (vroeg) as 08:00 om oop te sluit. (1)

3.16 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.

Jaco eet 'n hamburger voordat hy by sy (tante) gaan kuier. (1)

3.17 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Oom Kobus dra twee (sak) na sy motor toe. (1)

3.18 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Oom Kobus se een (broek + pyp) lyk korter as die ander een. (1)

3.19 Kies die korrekte SPELLING van die woord tussen hakies.

Oom Kobus wil ook (een dag/eendag) van die lekker hamburgers koop. (1)


3.20 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.

Oom Kobus (ken/weet) almal in die dorp. (1)
**[20]**

**VRAAG 4: SINSTRUKTURE**

**TEKS E: PRENT**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae. **Skryf elke keer die hele sin uit, behalwe by VRAAG 4.1 en VRAAG 4.3.**




[Uit *WEG, Januarie 2009*]

4.1 Watter SPREEKWOORD pas die beste by die prentjie op bladsy 11?
Skryf net die vraagnommer (4.1) en die letter (A–D) neer.

Oupa en Ouma het baie sakke ... saam opgeëet.

A koekies
B sout
C mielies
D appels (1)

4.2 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.

Oupa sit (rustig) (op sy stoel) (vir ʼn rukkie).
**Begin só:** Oupa sit ... (1)

4.3 Kies die korrekte BETEKENIS van die onderstreepte idioom.
Skryf net die vraagnommer (4.3) en die letter (A–D) neer.

Ouma is <u>vuur en vlam</u> oor haar nuwe stoof.
<u>Vuur en vlam</u> beteken Ouma is ...

A baie kwaad.
B moedeloos.
C ongelukkig.
D opgewonde. (1)

4.4 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.

**Begin só:** Ouma hou daarvan ... koekies ... bak. (1)

4.5 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Oupa sê: "Die koekies ruik lekker."
**Begin só:** Oupa sê ... (1)

4.6 Vul die KORREKTE VRAAGWOORD in, sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is. Skryf die hele vraagsin uit.

Ouma gee vir Oupa <u>ʼn bordjie met koekies</u>.

... gee Ouma vir Oupa? (1)

4.7 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Daar is warm water in die ketel. (1)

4.8 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.

Ouma het koffie in Oupa se beker gegooi. (1)

4.9 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Oupa drink sy koffie. Ouma maak die kos. (terwyl) (1)

4.10 Vul die ontbrekende woord in die LYDENDE VORM van die volgende sin in.

Ouma het die brood gesny.
**Skryf die hele sin uit en begin só:** Die brood ... deur Ouma ... (1)

4.11 Skryf die sin oor en begin met die VETGEDRUKTE woorde.

Ouma maak toebroodjies **vir middagete**.
**Begin só:** Vir middagete ... (1)

4.12 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Ouma was die skottelgoed. Hulle het klaar geëet. (nadat) (1)

4.13 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Ouma pak die skoon borde op die rak.
**Begin só:** Die skoon borde ... (1)

4.14 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Oupa sê dat die koffie lekker is.
**Begin só:** Oupa sê: ... (2)

4.15 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Oupa luister na die radio. (2)

4.16 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die kat skuur sy rug teen die stoelpoot. (2)

4.17 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Die yskas se deur staan oop.
**Begin só:** Die yskas se deur ... (2)

4.18 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Ouma vra vir Oupa: "Wil jy nog koffie hê?"
**Begin só:** Ouma vra vir Oupa ... (2)

4.19 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE VORM.


Sien die kat iets onder die kas?
**Begin só:** Nee, ... (2)
**[25]**

## VRAAG 5: REDIGERING

## TEKS F: TYDSKRIFARTIKEL

Jou vriendin het ŉ artikel vir die plaaslike koerant geskryf. Sy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

# Alles word net duurder en duurder ...



Pryse wat styg, is nie meer nuus nie.

Wanneer die petrolprys styg, word kos ook duurder. Dinge soos melk, kaas en eiers het die afgelope jaar met 14% styg. Maar dis nie net kos en petrol wat duurder word nie, amal moet ook meer vir elektrisiteit betaal.

Al wat nie styg nie, is salarisse. Volgens die ekonoom, michael Bagriam, sukkel almal in Suid-Africa, omdat hulle te min geld het. Dis egter die armes wat die swaar kry. Hulle moet ook meer vir openbare vervoer betaal om werk te gaan soek of om te kom by die werk.

Die pryse wat so styg, veroorsaak dat baie klien ondernemings moet toemaak. Hulle kan nie meer al hulle uitgawes betaal. Baie mense verloor dan hulle werk en daar is nie geld om nuwe werk te skep nie.

Wat kan mense doen om hul geldelike posisie te verbeter Mense moet hul werk goed doen. Hulle moenie laat by die werk kom of vroeër huis toe gaan nie. Hulle moet doen wat gevra word, want daar is nie baie geleentheid vir nuwe werk nie.

[Verwerk uit *Kuie*r, 4 Julie 2012]

5.1 Gee die **regte vorm** van die onderstreepte woord in reël 3. (1)

5.2 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 4. (1)

5.3 Skryf die woord in reël 5 neer wat met ŉ **hoofletter** moet begin. (1)

5.4 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 6. (1)

5.5 Gee die **regte vorm** van die onderstreepte woord in reël 7. (1)

5.6 Skryf die onderstreepte deel in reël 8 oor en verbeter die **woordorde**. (1)

5.7 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 9. (1)

5.8 Skryf die onderstreepte deel in reël 10 oor en vul die **ontkenningswoord** wat weggelaat is, in. (1)

5.9 Skryf die onderstreepte sin in reël 12 oor en vul die **leesteken** in wat uitgelaat is. (1)

5.10 Gee die **meervoud** van die onderstreepte woord in reël 14. (1)
**[10]**

## VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE

### TEKS G: PRENTE

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.

Kies die antwoord om by elke situasie te pas.
Skryf net die vraagnommer (6.1–6.5) en die letter (A–D) neer.

6.1




[Uit Google Images]

Piet se pa is **kwaad** oor Piet se swak rapport.
Kies die sin wat die beste aandui hoe **kwaad** Piet se pa oor die swak rapport is.

A “Ag nee! Ek is regtig teleurgesteld in jou!”
B “Ek hoop jy probeer volgende keer harder.”
C “Ek kan nie glo dat jou punte so laag is nie!”
D “Sulke swak punte! Dis onaanvaarbaar!” (1)

6.2



[Uit Google Images]

Gert bedel voor ŉ winkel.
Kies die mees gepaste sin wat Gert kan gebruik om die sakeman te **oorreed** om vir hom geld te gee.

A “Het Meneer nie ŉ geldjie vir ŉ baie honger man nie, asseblief?”
B “Gaan jy regtig niks vir my gee nie, Meneer?”
C “Gee vir my geld, ek is honger en het kinders by die huis.”
D “Het Meneer vir my ŉ paar rand?” (1)

6.3




[Uit Google Images]

Die verkoopsman probeer die vrou **manipuleer** om sy produk te koop.
Kies die sin wat die beste aandui hoe die verkoopsman die vrou probeer **manipuleer** om sy produk te koop.

A “Ek wil graag hê u moet na die produkte kyk wat ek verkoop.”
B “Ek verkoop produkte en ek is seker u sal daarvan hou.”
C “As u vandag my produk koop, betaal u slegs die helfte van die prys.”
D “Ek hoop u het genoeg geld, want ek verkoop goeie produkte.” (1)

6.4




[Uit Google Images]

Chris het die atletiek gewen en spog teenoor die ander deelnemers.
Kies die sin wat die beste aandui hoe **onsensitief** hy is.

A “Geluk met julle prestasie. Dit was lekker om teen julle deel te neem.”
B “Ek is so dankbaar dat ek kon deelneem.”
C “Julle was maar net vandag ongelukkig om te verloor.”
D “Julle is verloorders; julle sal my tog nooit kan wen nie!” (1)

6.5


[Uit Google Images]

Die dokter raas met die oorgewig pasiënt omdat hy nie gewig verloor nie.
Kies die sin wat die beste aandui hoe die dokter oorgewig mense **stereotipeer**.

A “Om gesond te bly, sal jy minder moet eet en meer oefen.”
B “Jy sal net moet maer word, Vetsak!”
C “Al julle oorgewig mense sit net heeldag en televisie kyk en oefen nie.”
D “Jy is oorgewig en sal minder moet eet!” (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**
***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Hierdie afdeling bestaan uit VIER vrae.

Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE*.

**OF**

Beantwoord EEN vraag uit *OM LAASTE TE KAN LAG*.

### *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer

### VRAAG 7: *MY BROER SE KRAAI* – Chris Barnard

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ná ŉ week het hy in die hok begin rondstap en kort-kort sy vlerke gelig. Ná twee weke was die kraai gesond en kwaaier as ooit. Hy het op en af gestap en die draad gepik, gepik, al geniepsiger, en met sy vlerke teen die draad geklap dat die vere so waai.
> My broer se kraai was die duiwel in.
> Hy het die vleis geëet wat ons hom gegee het, elke dag ŉ bietjie gulsiger.

7.1 Waar het die verteller se broer die kraai gekry? (1)

7.2 Hoekom kon die kraai nie vlieg nie? (1)

7.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.3) en die letter (A–D) neer.

Die kraai was die duiwel in, want hy het nie ...

A genoeg vleis gekry nie.
B van die hok gehou nie.
C van die verteller gehou nie.
D van die lusernpap gehou nie. (1)

7.4 Die broer se gesin wou die kraai hou.

7.4.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

7.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.4.1. (1)

7.5 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.5.1–7.5.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.5.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.5.1 Vossie | A ... het in die oggende vuur gemaak. |
| 7.5.2 Die verteller | B ... het salf aan die stukkende plekke probeer smeer. |
| 7.5.3 Die verteller se broer | C ... het kruppel geloop. |
| 7.5.4 Simon | D ... het elke oggend by die kombuis brood gebedel. |
| | E ... het gesê dat die kraai vry wou wees. |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> ... Maar toe word daar weer gelag en die lag word ŉ huil, en toe weet ek dis die kraai. Ek en my broer was gelyk in die kombuis en gelyk in die agterplaas. Die kraai het kordaat in sy hok gesit – en weer gelag toe hy my broer sien. Maar dit was eers toe ek daardie stywe stappie van hom sien dat ek seker geweet het dis dieselfde kraai.
> My broer het net daar gestaan. Sommer net.
> "Gaan haal vir hom vleis," het ek gesê, maar hy het net daar bly staan. Dit het nie vir my gelyk hy glo wat hy sien nie.

7.6 Na hoeveel dae het die kraai na die hok toe teruggekom? (1)

7.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.7) en die letter (A–D) neer.

"**Die kraai het** ... weer **gelag** toe hy my broer sien" is ŉ voorbeeld van ...

A personifikasie.
B ŉ vergelyking.
C ŉ metafoor.
D kontras. (1)

7.8 Wie het vir die kraai vleis en brood gaan haal? (1)

7.9 Hoekom, dink jy, kon die verteller se broer in reël 7 nie "glo wat hy sien nie"? (1)

7.10 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf net die vraagnommer (7.10) en die letters (A–D) neer.

A Die kraai het nooit weer weggegaan nie.
B Die kraai het brood en vleis gekry om te eet.
C Die broer het nooit weer die hok se hekkie toegemaak nie.
D Die kraai het vroeg een oggend na die hok toe teruggekom. (4)

7.11 Dink jy die broer sou gelukkiger met ŉ papegaai gewees het?
Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

7.12 Waarom hou jy van die verteller? (1)

7.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.13) en die letter (A–D) neer.

Die boodskap van hierdie kortverhaal is dat ...

A ŉ mens iets/iemand wat seergekry het, moet versorg.
B die hele gesin van jou troeteldier moet hou.
C almal die vryheid van keuse wil hê.
D troeteldiere baie aandag moet kry. (1)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 8: *DIE RAMP* – TT Cloete**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die kinders het baie gehuil, veral die twee kleinstes. Hulle het almal vas geglo dat hulle ma gaan sterf en dat hierdie terugreis per motor sonder haar die begin van ŉ groot komende ramp is. Ek het hard probeer troos en al reisende half ongeduldig gedink: Wat kan mens tog nie tref nie.
>
> ***
>
> Die rit was moeilik.

8.1 Die terugreis per motor was sonder die ma.

8.1.1 Hoe sou die ma by die huis kom? (1)

8.1.2 Waar was hulle huis? (1)

8.2 Noem EEN rede waarom die rit huis toe moeilik was vir die pa. (1)

8.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.3) en die letter (A–D) neer.

By Swellendam het die probleme begin toe ...

A ŉ steenbokkie voor die motor ingehardloop het.
B die motor se enjin gloeiend warm geword het.
C die aspirine wat die kind sou help, opgeraak het.
D die kleinste kindjie ŉ hoë koors ontwikkel het. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Die noodtoestand los nou vinnig op. Hy neem my aan my arm en lei my swyend na sy motortjie en wys vir my: daar is geen ma in die motor nie, soos in ons s'n, en daar lê drie klein kindertjies en slaap in die agterste ruimte.<br>Toe begin hy spraaksaam raak.<br>"Meneer, ek sal alles moontlik vir jou doen."<br>Die ure gaan soos eeue verby. |

8.4 Wie praat in hierdie uittreksel met die verteller? (1)

8.5 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
"**Die ure gaan soos eeue verby,**" is 'n voorbeeld van ...

A personifikasie.
B 'n vergelyking.
C 'n metafoor.
D kontras. (1)

8.6 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (8.6.1–8.6.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.6.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.6.1 | Omdat 'n steenbokkie voor die motor ingehardloop het, ... | A | ... het die verteller sy weldoener op die neus gestamp. |
| 8.6.2 | Terwyl die verteller en sy seun in die reën langs die pad gestaan het om hulp te vra, ... | B | ... kon die weldoener nie goed sien nie. |
| 8.6.3 | Toe die verteller en sy weldoener saam by die motor se enjin ingeloer het, ... | C | ... het die verkoeler gebreek en die water uitgelek. |
| 8.6.4 | Omdat 'n digte mis uit die see oor die pas opgesteek het, ... | D | ... het die insleepmotor opgedaag. |
| | | E | ... het 'n geel motortjie stilgehou. |

(4 x 1) (4)

8.7 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf net die vraagnommer (8.7) en die letters (A–D) neer.

A Die verteller het die weldoener ontmoet.
B Die verteller se vrou het baie siek geword.
C Die gesin het op Houtbaai vakansie gehou.
D Die verteller het 'n probleem met sy motor gehad. (4)

8.8 Die verteller het die weldoener vir sy hulp betaal. (1)

8.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.8.1. (1)

8.9 Waarom is die titel "Die ramp" en nie "Die ramp**e**" nie? (1)

8.10 Sou die weldoener verongeluk het as sy bril nie gebreek het nie? Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

8.11 Dink jy dit was reg van die verteller om sy oudste seuntjie saam met hom in die pad te laat staan en om hulp te vra? (1)
Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord.

8.12 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.12) en die letter (A–D) neer.

Die boodskap van hierdie kortverhaal is dat ...

A ŉ mens versigtig moet bestuur as die weer sleg is.
B ŉ mens se goeie dade nie altyd positiewe gevolge het nie.
C ŉ mens moet betaal as iemand jou gehelp het.
D ŉ mens nie ander mense in die nag moet help nie. (1)

**[20]**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

**VRAAG 9: *LEUENS* – CM van den Heever**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

"Ek dag dit is jy, Naomi! Ek was eers nie seker nie. En hoe gaan dit met jou?"
"O, goed dankie. O, dis jy, Olga!" Naomi se gedagte fladder soos ŉ voël rond wat geen tak kan kry om op te sit nie. Altyd as sy haar welgestelde vriendinne ontmoet, dan word die onrus in haar opgejaag, dan is sy vaag verward en wil net wegkom voordat vrae oor haar huislike lewe begin. In ŉ oogwenk het sy Olga van kop tot tone opgeneem: die duur model hoed, die kosbare swart syrok en fyn slangvelskoene.

9.1 Waar het Naomi en haar gesin gewoon? (1)

9.2 Watter leuen het Naomi oor haar man se werk vertel? (1)

9.3 Waarom wou Naomi liewer na Olga se huis toe gaan? (1)

9.4 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

"**Naomi se gedagte fladder soos ŉ voël rond** wat geen tak kan kry om op te sit nie," is ŉ voorbeeld van ...

A personifikasie.
B ŉ metafoor.
C kontras.
D ŉ vergelyking. (1)

9.5 Naomi-hulle kon geld by haar pa leen.

9.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

9.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.5.1. (1)

9.6 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Naomi was ongelukkig in die omgewing waar hulle gewoon het, want ...

A daar het altyd oral wasgoed aan die lyne gewapper.
B die mense wat daar gewoon het, het nie goed van mekaar gepraat nie.
C dit was nie die beste plek om haar kind groot te maak nie.
D daar was sinkafskortings om al die klein huisies. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Ten slotte is sy ŉ lafaard; sy kan nie die las wat die lewe op haar gelê het, dra nie. Sy is bang vir die armoede. Sy moet eerder haar man help worstel. Ja, sy kan dit doen … maar die vernietigende besef dat haar man ŉ mislukking is! |

9.7 Waarom het Naomi haar man ŉ mislukking genoem? (1)

9.8 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B wat by die situasie in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (9.8.1–9.8.4) en die letter (A–E) neer, bv. 9.8.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.8.1 | Naomi se man het vir haar geld vir ’n nuwe rok gegee; daarom ... | A | ... het Olga vir Naomi genooi om by haar te gaan kuier. |
| 9.8.2 | Nadat Naomi vir Olga in Eloffstraat raakgeloop het, ... | B | ... het Naomi besef dat haar vriendskap met Olga nie weer dieselfde sou wees nie. |
| 9.8.3 | Omdat Naomi nie haar eie motor gehad het nie, ... | C | ... het Naomi die Saterdagmôre na die elegante modes in die winkelvensters gekyk. |
| 9.8.4 | Terwyl Naomi in Olga se weelderige huis gekuier het, ... | D | ... het Naomi per bus na Olga se huis toe gery. |
| | | E | ... het Olga klere onder die arm mense uitgedeel. |

(4 x 1) (4)

9.9 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie. Skryf net die vraagnommer (9.9) en die letters (A–D) neer.

A Naomi se man was kwaad omdat sy so laat tuis gekom het.
B Naomi het ver in die reën gestap om by haar huis te kom.
C Naomi se seuntjie het vir haar nat rok gelag.
D Olga het Naomi met die motor by ’n mooi huis in Westcliff afgelaai. (4)

9.10 Hoekom, dink jy, het Naomi soveel leuens vertel? (1)

9.11 Dink jy dit sou vir Naomi moeilik gewees het om weer met Olga vriende te wees?
Antwoord JA of NEE en gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

9.12 Hou jy van Naomi se man?
Antwoord JA of NEE en gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

9.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (9.13) en die letter (A–D) neer.

Wat is die boodskap van hierdie verhaal?

A Dit is nie ’n skande om sonder ’n motor te wees nie.
B Jy moet altyd probeer om jou lewe te verbeter.
C Dit is beter om altyd die waarheid te praat as om te jok.
D Ryk mense moenie op arm mense neersien nie. (1)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 10: *TANT NELIE SE VEERPLUIME* – Henriëtte Grové**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Ek het geen koue gevoel nie. Sien, ek was nog nooit regtig op ŉ meisie verlief nie. Dit was die eerste keer. Ek sou vir haar die maan gaan haal het, as sy net haar mond oopgemaak het – die nuwe maan, of die aandster oor Vaalrand, of ŉ rooi disa. Sy moes net sê, praat, soos Ahasveros vir Ester gesê het.
> Maar dit was nie die dinge wat Kittie wou hê nie.

10.1 Wat wou Kittie eintlik gehad het? (1)

10.2 Noem EEN rede waarom Kittie dit so graag wou hê. (1)

10.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (10.3) en die letter (A–D) neer.

Peet wou graag vir Kittie gee wat sy wou hê, want ....

A Peet en Kittie was familie van mekaar.
B Peet se ma het gedink dis reg.
C Kittie sou dan met hom trou.
D Kittie het hard daarvoor gewerk. (1)

10.4 Wie het altyd die eerste prys by die kerkverkoping gewen? (1)

10.5 Kies elke keer die aanhaling uit KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.5.1–10.5.4) en die letter (A–E) neer, bv. 10.5.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 10.5.1 Tant Nelie | A “Dis kinderagtig van Kit; ŉ grootmens gaan nie so aan nie!” |
| 10.5.2 Peet se ma | B “Ons sal hom eenvoudig moet vat. Daar is geen ander plan nie.” |
| 10.5.3 Ursa | C “Dis seker die Marés se sluier, of hoe?” |
| 10.5.4 Peet | D “Maar so seker as ek hier staan, daardie resep sal ek kry.” |
| | E “ŉ Man wat hom hot en haar laat rondstuur deur ŉ vroumens ... skaam jy jou nie?” |

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Sy het die kis oopgesluit, en ek het die kers vasgehou. Toe begin sy uitpak. Eers ŉ stapel spierwit linne, toe geborduurde slope.<br>"Hier is dit, Peet." ... Daarby is ŉ pakkie in dun wit papier toegedraai.<br>"Ja, en hierdie pakkie?"<br>"Ja," sê sy en lig haar kop stadig op. Deur die klein gaatjies het haar hare soos koring geblink, en haar oë was diepgrys daaronder. So het ons gestaan, ... |

10.6 Waar was hierdie kis? (1)

10.7 Daar was geld in die pakkie. (Reël 3)

10.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

10.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.7.1. (1)

10.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (10.8) en die letter (A–D) neer.

"Deur die klein gaatjies **het haar hare soos koring geblink**, ..." is ŉ voorbeeld van ...

A personifikasie.
B ŉ vergelyking.
C ŉ metafoor.
D kontras. (1)

10.9 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf net die vraagnommer (10.9) en die letters (A–D) neer.

A Kittie het uiteindelik die veerpluime gebak.
B Peet het na Ursa toe teruggegaan.
C Tant Nelie het Peet toegelaat om die boek vir Kittie te gee.
D Peet het besef dat hy ŉ groot fout begaan het. (4)

10.10 Hoekom, dink jy, het Peet aan die einde van die verhaal nie met Kittie getrou nie? (1)

10.11 Sou dit vir Ursa maklik gewees het om met Peet te trou?
Antwoord JA of NEE en gee ŉ rede vir jou antwoord. (1)

10.12 Hou jy van tant Nelie?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

10.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (10.13) en die letter (A–D) neer.

Die boodskap van hierdie kortverhaal is dat 'n mens nie ...

A die goeie raad van jou ouers moet ignoreer nie.
B verkeerde dinge moet doen wat ander kan seermaak nie.
C verkeerde dinge moet doen om ander tevrede te stel nie.
D sonder toestemming ander mense se huis mag binnegaan nie. (1)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING D: 20**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou